13528
HATFIELD, 0028, SA

+27 (0)12 342 0092
+27 (0)12 342 0380

diensgetuienis@ngkerk.org.za

KMDR

Kerklike Maatskaplike Diensteraad

Geregistreer as organisasie sonder winsoogmerk NPO 001-694

Nuusbrief

Jaargang 6 Nommer 1

Liewe kollegas

My dagboek vertel my dat die nuwe jaar reeds weer volstoom voortstorm en ons almal moet net draf om by te bly!

Dit is regtig my bede dat julle elke dag die Here se genade, wysheid en insig sal ontvang vir die groot en verantwoordelike taak waarmee julle besig is.

In hierdie Nuusbrief gee ek kortliks inligting oor 'n handvol prosesse wat op nasionale vlak gebeur. Neem asseblief vrymoedigheid om te skakel as julle meer inligting oor 'n spesifieke proses nodig het.

Willie van der Merwe

In hierdie uitgawe:

1. Inleiding
2. Global Fund projek is aan die gang
3. Elektroniese Data-insamelingstelsel
4. Munisipale belasting
5. Finansieringsbeleid
6. Maatskaplike Welsynsberaad
7. Belangrike datums
8. Implementering van die kinderwet
9. KMDR Finansies

GLOBAL FUND PROJEK IS AAN DIE GANG

Investing in our future
The Global Fund
To Fight AIDS, Tuberculosis and Malaria

Die Global Fund projek is nou voluit aan die gang alhoewel ons nog weekliks besig is om die tandekry-probleme uit te sorteer. Ek is baie dankbaar oor die vordering wat gemaak word.

Tans is vier lid-organisasies by die projek betrokke: NGMD Vrystaat, NG Welsyn Noord-Wes, CMR Mpumulanga, NGBD Hoëveld. Die moontlikheid is geopen dat BADISA en CWD KwaZulu–Natal binnekort ook met projekte kan begin.

Twee organisasies buite die KMDR netwerk is ook ingeskakel te wete PEN (Pretoria) en HospiVisie.

Die meeste versorgers vir beide tuisversorging en die versorging van kinders is al opgelei en die eerste versorgingsprojekte het in Februarie 2011 in aanvang geneem.

Blaai asb na bl 2

ELEKTRONIESE DATA-INSAMELINGSTELSEL

Goeie vordering is die afgelope tyd gemaak met die ontwikkeling van ‘n elektroniese data-insamelingstelsel. Net weer ‘n kort oorsig oor die stelsel.

Vir elke tipe diens wat die lidorganisasies lewer, word ‘n module ontwikkel sodat die stelsel uiteindelik uit verskillende modules sal bestaan. Tans is daar reeds ‘n module vir residensiële sorg (kinderhuise en tuistes vir ouer persone). Die module vir maatskaplikewerkdienste behoort binne weke operasioneel te wees. Die volgende module wat ontwikkel word sal vir dienssentrums en gemeenskapsversorging (tuissorg) wees. Ons hoop om binnekort ook met die bestuursmodule te begin.

Die maatskaplikewerkmodule werk met die kliënt se aanmeldingvorm en die maatskaplike werker se dagboek as basis. Die module beskik ook oor ‘n funksie wat maatskaplike werkers toelaat om prosesnotas op die legger van die kliëntesisteem aan te bring.

Die residensiële sorgmodule werk met die opnamevorm en die fasiliteit se registers as basis. Maatskaplike werkers wat in inrigtingsverband werk sal ook die maatskaplike werkmodule kan gebruik.

Verskeie senior maatskaplike werkers het oor ‘n tyd gehelp met die ontwikkeling van die stelsel om te verseker dat maatskaplikewerkprosesse korrek in die stelsel opgeneem word. Daar is ook gepoog om die module so te ontwikkel dat die statistiekbehoeftes van die verskillende provinsiale departemente gediens sal kan word.

Die modules word saamgevoeg in een rekenaarpakket en die ideaal is om ‘n baie gebruikersvriendelik invoerskerm vir die verskillende modules te hê. Die data word by die projek (of program) deur middel van ‘n internetverbinding na ‘n sentrale rekenaar gevoer. Dit is dus niks anders as ‘n baie omvattende databasis nie. Deur wagwoorde te gebruik kan inligting tot op ‘n sekere vlak uit die stelsel onttrek word. Byvoorbeeld, op nasionale vlak het ek net toegang tot statistiek en kan ek nie by enige maatskaplike werk legger uitkom nie. Daarteenoor kan die maatskaplike werker en sy/haar supervisor wel by al die leggers van sy/haar kliëntesisteem uitkom en daarin werk. Die direkteur: Maatskaplike Werk van die organisasie kan by die organisasie se inligting uitkom, maar ook nie by individuele leggers nie, en ook nie baie organisasies se inligting nie.

Ten einde die stelsel ten volle funksioneel te kry sal elke projek of program oor minstens een rekenaar met ‘n internetverbinding moet beskik. As daar meer werkstasies in ‘n program is, is dit ook reg, maar slegs een rekenaar hoef die internetverbinding te hê. As die verskillende rekenaars aan ‘n interne netwerk gekoppel is, sal hulle wel almal die program kan gebruik. Die program gebruik MS Acess as platform. Die program is gewoonlik deel van die MS Office pakket.

Binne die KMDR netwerk het ons aan die begin ooreengekom dat organisasies self kan besluit teen watter tempo hulle in die sisteem wil inkom. Ons het verder besluit dat ons vanaf organisasies wat nie nog deel van die stelsel is nie, hulle statistiek per hand in die stelsel kan invoer ter wille daarvan om sodoende groter betroubaarheid van die KMDR as netwerk se statistiek te verseker.

Die finale koste van die program is nog nie bepaal nie, maar dit sal uit twee komponente bestaan:

> Ons mikpunt is steeds om die stelsel teen 1 April 2011 so funksioneel te hê dat organisasies dit kan begin gebruik, ten minste as statistiekstelsel.

- Elke projek of program sal die **gebruiksreg** van die program eenmalig aankoop. As daar meer as een werkstasie in die program is, bly die koste dieselfde;
- Dan sal daar ook ‘n jaarlikse heffing wees wat gebruik sal word om die program soos nodig op te gradeer en ook om die inligtingsbestuurders van organisasies wat die stelsel gebruik, op te lei.

Die ideaal is dat daar mettertyd genoeg kundigheid in die KMDR netwerk sal wees om na die basiese instandhouding van die stelsel te kan omsien.

Blaai asb na bl 4

KORTING OP MUNISIPALE BELASTINGS

Die KMDR het weer ‘n navraag ontvang of dit moontlik is om korting op munisipale belastings kollektief op provinsiale of nasionale vlak te beding. Dit is ongelukkig nie moontlik nie aangesien die bevoegdheid om munisipale belastings te hef na plaaslike owerhede afgewentel is.

Daar is wel ‘n instrument op plaaslike vlak beskikbaar wat gebruik kan word. Dit word die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) genoem. Ek heg ‘n kort uiteensetting van die proses as **bylae 1** aan. Dit is ‘n statutêre proses en dit funksioneer in baie gemeenskappe heel effektief.

MAATSKAPLIKE WELSYNSBERAAD

Die gedagte om ‘n maatskaplike welsyns-beraad te hou ten einde die vrywilliger-organisasies in die maatskaplike stem van die welsynsektor te probeer verenig, is reeds verskeie kere in NACOSS, NAWONGO en deur die Nasionale Welsynsforum geopper. Die proses om die drie netwerke rondom die saak saam te bring is tans aan die gang.

Die visie is dat die voorgestelde beraad ‘n geleentheid moet wees waar die stem van die vrywillige organisasies (of beter gesê) die nie-regeringsektor in die maatskaplike wel-syn-sektor verenig sal word oor ‘n paar kriti-ese sake. Die sake is reeds duidelik geïdentifiseer as:

- Die verhouding tussen die Staat en die nie-regeringsektor
- Die finansiering van die Staat vir die nie-regeringsektor
- Die ontwikkeling van die menslikehulp-bronkapasiteit asook die beskerming van die hulpbron in die nie-regeringsektor.

Die mikpunt is om die beraad in Mei 2011 te probeer hou.

social development

Department:
Social Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DIE FINANSIERINGS-BELEID

Die finansieringsbeleid van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling is tans in baie provinsies asook in die Nasionale Departe-ment druk onder bespreking. Dit is veral die nasionale proses wat ons interesseer omdat dit die raamwerkbeleid is waarop die provinsies hulle beleide baseer.

Ons weet dat ‘n interne taakspan op nasionale vlak besig is om ‘n nuwe beleid te ontwikkel, maar geen konsultasie het al met enige van die nasionale netwerke soos NACOSS, NAWONGO, of die Nasionale Welsynsforum gebeur nie. Dit is uiters kommerwekkend veral aangesien die drie netwerke reeds in Julie 2010 ‘n standpunt-stelling oor hoe die organisasies die basiese beginsels en vertrekpunte van ‘n finansier-ingsbeleid sien aan die nasionale departement oorhandig het. Die nasionale departement het hulle tot gesprekvoering verbind, maar tans lyk dit nie of hulle die verbintenis gestand gaan doen nie.

Ek aanvaar dat julle almal goed ingelig is oor die huidige hofsaak in die Vrystaat. Berigte oor die verloop van daardie proses dui daarop dat daar ook in daardie proses weinig gewilligheid van die provinsiale Department van Maatskaplike Ontwikkeling was om met die privaat welsynsorganisasies saam te werk aan ‘n oplossing.

Alhoewel uitspraak nog nie in die Vrystaat saak gelewer is nie, en die voorstel van die nasionale department nog nie bekend is nie, kan voorsien word dat die aangeleentheid waarskynlik vanjaar die maatskaplike welsynsektor gaan oorheers. Dit gaan grootliks van die vermoë van die privaat welsynsorganisasies om saam te werk af-hang of hierdie aangeleentheid nou ‘n geleentheid of ‘n verleentheid vir ons gaan wees.

BELANGRIKE DATUMS

Konsultasie
met lidorganisasies

Ons is besig om ‘n datum te soek vir ‘n konsultasie oor die drie groot sake wat in die Nuusbrief genoem is:

die inligtingstelsel,
die finansieringsbeleid en die implementering van die Kinderwet.

Ons wag net dat die prosesse nog ‘n bietjie verder ontwikkel.

Die datum vir **Jaarvergadering**:
is reeds vasgestel: 26 Julie 2011

KMDR FINANSIES

Julle sal opmerk dat julle nog nie vanjaar ‘n rekening vir die ledegeld en ander gelde ontvang het nie.

Die rede daarvoor is dat die Algemene Sinode van die NG Kerk na ‘n ander rekenaarprogram vir die rekenkundige stelsels oorgeskakel het.

Daar was aanvanklik soveel probleme daarmee dat dit die invoer van transaksies aansienlik vertraag het.

Ons hoop om die rekeninge in die maand af te handel.

IMPLEMENTERING VAN DIE KINDERWET

Die nasionale kinder-beskermingsforum het onlangs vergader. Tydens die vergadering is weer lank gepraat oor die knelpunte met die implementering van die kinderwet. Die volgende aspekte het na vore gekom:

- Kinderhowe funksioneer nie oral op dieselfde vlak nie. Voorsittende beamptes maak hulle eie interpretasie van die Kinderwet en stel selfs hulle eie prosesse in. Die gevolg hiervan is dat die maatskaplike werker se funksionering, maar ook die verloop van die prosesse, soms ernstig belemmer word.
- Die provinsies is ook nie almal op dieselfde vlak nie.
- Daar nog nie duidelikheid oor die finansiering van die aktiwiteite van die Kinderwet nie en dit hang uiteraard saam met die Finansieringbeleid wat nou ontwikkel word.
- Wat die wet self aanbetref kom die realiteit van die omvang en soms ingewikkelde regulasies nou. Daar is ‘n proses aan die gang gesit om van die regulasies te wysig.
- Die insameling van statistiek en ander inligting insake die implementering van die kinderwet is ook nie so eenvoudig nie. Vanuit die nie-regeringsektor is gepleit dat die funksie nie nog ekstra druk op die maatskaplike werker en organisasies moet plaas nie.

Weer eens:
As julle enige probleme met die funksionering van ‘n spesifieke kinderhof ondervind en dit nie op provinsiale vlak uitgesorteer kry nie, moet julle my asseblief daaroor inlig. Daar is meganismes in plek om spesifieke situasies te kan hanteer. Dieselfde geld ook vir die samewerking met ander departemente.

Elektroniese data-insamelingstelsel

Vervolg van bl 2

Hoe begin die proses?

Nadat jou organisasie besluit het of julle wil inskakel, registreer julle by Willem Botha. Ons het vroeër per e-pos verduidelik hoe die registrasie werk. Hy sal dan deur middel van die program “Teamviewer” direk met julle rekenaars kan kommunikeer en die betrokke modules langs daardie weg kan installeer.